




# NG KERK MOSSELBAAI-SUID

**AFKONDIGINGE: 22 Januarie 2017**

*"Die Gees staan ons ook in ons swakheid by: ons weet nie wat en hoe ons behoort te bid nie, maar die Gees self pleit vir ons met versugtinge wat nie met woorde gesê word nie". (Romeine 8:26)*

## PROGRAM VIR VANDAG

**DEUROFFER:** Sinodale offer vir Arbeidsbediening.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Gr R-6 vir Kinderkerk in die saal na die kinderoomblik in die diens. Gr 7-8 ontmoet hulle kategete by die saal na die diens. Gr 9 ontmoet ds Danie in die saal na die diens. Gr 10-11 soos deur ds André en ds Robert gereël.

**NUWE INTREKKERS:** Baie welkom in ons midde - mag u verblyf tot seën wees! Die dominee ontmoet jou graag na die diens voor die kansel.

## VOLGENDE SONDAG

**EREDIENSTE:** Om **09:00** in die kerkgebou (ds André) en op Vleesbaai (ds Danie). *Ds Robert by Kinderkerk.*

**DEUROFFER:** Sinodale offer vir Gemeentebediening.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Soos verlede Sondag. Gr 9 in die kerk se konsistorie 10:30.

## PROGRAM VIR DIE WEEK

**KLEINGROEPE:** Vergader soos onderling gereël. Nuwelinge kan die kerkkantoor (tel. 6903552) kontak vir meer inligting.

Ds Danie: Maandag om 15:00 Santos 2; Dinsdag om 09:30 in die konsistorie.

Ds André: Dinsdag om 09:30 in die saal.

Ds Robert: Dinsdag 09:00 te 17de Laan 18 pastorie —ons nooi graag mense om in te skakel by ons. Donderdag Boekleesgroep 18:15 te 17de Laan 18.

**Dinsdag:** Gebedsbyeenkoms om 17:15 in die konsistorie.
**Woensdag:** Santos Haven Biduur om 15:30 in Santos 1 (ds Robert).
**Donderdag:** Manne bid 06:00 in die "gat" onder die verhoog
Bestuurskerkraad vergader 18:00 in die saal.

**BANKBESONDERHEDE**

*Dankoffers: Absa Mosselbaai, rek.no. 207 058 0031*
*Geloofsoffers: Absa Mosselbaai, rek.no. 207 016 7886*

## BELANGRIKE INFO

**KOSKAS:** Januarie is **Streek A** se beurt om bydraes te maak vir die koskas. Droë produkte, groente, blikkies en gevriesde produkte, asook kontantbydraes kan by die kerkkantoor of die dienswerker afgegee word. Joey (073 2988 142).

**SAAMKUIER NA DIENS:** Lekker koffie en tee word na die diens in die kerksaal bedien. Kom kuier gesellig saam en leer mekaar beter ken.

**DEUROFFERS:** Spesiale offer vir die Herberg Kinderhuis was R3 574-50.

**BEWYSE ONTVANG:** Anna Reynecke (Kenani) Hervormde kerk; Johan A en Belinde Eygelaar (Pinnacle Park) vanaf Uitsig-Bloemfontein; Christian en Nadia Venter, Chris A Venter (doop) (Seringlaan) vanaf Hartenbos; Fredrika J van der Merwe (Seemeeustr) vanaf Meyerspark; Johan HP Buys (Seemeeustr) vanaf Mosselbaai; Elizabeth C Maré (Nature Park) vanaf Gordonsbaai; Pierre Maré (Nature Park) vanaf Bredasdorp; Marlene C Ellis (Nature Park) en Adriana G Odendaal (Nature Park) vanaf Suidpunt Struisbaai; Hester M Viviers (Nature Park) vanaf Jan Kempdorp. Hartlik welkom!

**DRINGEND GESOEK:** 'n Kamer in De Nova/Mosselbaai/Heiderand vir 'n enkel dame so gou as moontlik. Kontak Ina by 082 663 2433.

**BROODKNIPPIES:** Ons benodig broodknippies vir 'n rolstoelprojek. Bring dit asb na die kerkkantoor.




**PERSOONLIK:** Inwoners van Santos Haven se drie siekeboeë, Kenani, Huis Elsjé, Benevolent Park, Ons Huis, Huis Caro en Ons Rus. Die volgende lidmate herstel na operasies, hospitalisasie, siekte tuis, of beleef ander krisisse:

Lettie Bekker Erikahof 10, Mariaan Huisamen Blombosch, Erika Crause De Bosse, Elize Meyer Rooielsstr, Barbara vd Westhuizen Santos Haven, Aneen van Wyk Boggomsbaai, Sophie Honiball Vleesbaai.

**ALPHAKURSUS:** Ons gaan weer Sondagaand, 5 Februarie, voort met die laaste paar geleenthede van Alpha.



## GEBEDSBULLETIN

**<u>Januarie se tema</u>: Nuwe jaar**

**Hierdie week se DANKIES:**
Vir die genade van 'n nuwe jaar met nuwe geleenthede.
Die Here se versorging in 2016 tov die gemeente se finansies. Hoewel ons ver agter is op die begroting, kon ons die noodsaaklike verpligtinge nakom.
Brandslaners en vrywilligers, eiendom en lewens se bewaring (bid ook vir verliese gely).
Dele van ons land waar dit goed gereën het. Die Vaaldam se vlak het van 24% gestyg tot 62%.
Pierre Lambrechts en byna 100 vrywilligers wat namens Arbeidsbediening na werksplekke gaan met die Woord.

**Hierdie week se ASSEBLIEFS:**
Vir kerkraadsvergadering en begroting.
Vir dominees wat hul op 30 Jan afsonder om die Here se stem te hoor vir 2017.
Vir ons land en sy leiers.
Vir die brande (herstel van infra-struktuur) en reën.
Vir werkgewers om met billikheid hul gesag te laat geld.
Vir werknemers wat sug onder die druk wat hul ervaar (werksomstandighede, oortyd, kwotas).
Vroeë-kind-ontwikkeling in Mosselbaai.
Alfa kursus en kleingroepe vanjaar.
Arbeidsbediening ('n ekumeniese, nie-winsgewende maatskappy – 'n diensarm van Christelike kerke wat alle mense in die werkplek landswyd ondersteun). In die Kaapstreek fokus hulle op: Biblia Hawesending, Handel & Nywerheid, Transnet, en Vissers.

